Skriflesing: Hebreërs 11:1; 12:1-3
Teks: **Hebreërs 12:1-2**
Sing- Ps. 45:1,15,16; Ps. 25:7, Ps. 90:1,9; Ps. 23:3; Ps. 116... Ps. 66:7,9

Heb 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Heb 12:1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,
Heb 12:2 **die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof**, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.
Heb 12:3 Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.

Skriflesing: Hebreërs 11:1; 12:1-3
Teks: **Hebreërs 12:1-2**
Sing- Ps. 45:1,15,16; Ps. 25:7, Ps. 90:1,9; Ps. 23:3; Ps. 116... Ps. 66:7,9

Ons wil graag vanoggend Nagmaal vier. Broeder en suster, 'n belangrike vraag wat ons vanoggend mekaar mag afvra is hoekom is Jesus Christus vir ons belangrik? As dit nie vir Hom was nie, dan was hier geen Nagmaal moontlik nie. Jesus Christus is die Een om Wie die Nagmaal moet gaan. Ons kan Hom nie in sy liggaam aanskou nie. Die Nagmaal wil heeltyd iets van 'n aanskouing wees, nie waar nie?! .

***

Wanneer ons vandag die Here se Woord in Hebreërs oopmaak moet ons kyk ná die Nagmaal niks anders wees as *die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en die Voleinder van die geloof*... Die Hebreër-skrywer wil baie duidelik net die oog op Jesus vestig en op niemand anders nie. Wie is die skrywer? Ons is glad nie seker nie. Die kans dat dit Paulus was, is baie skraal, daar bestaan 'n redelike vermoede dat dit Apollos kon wees (vgl. Hand 18:24-28). Tog, ons weet nie. Dat die boek geskryf is voor 70nC is redelik seker. Dit wil lyk die boek kom uit Rome. Ons praat van die boek Hebreërs, maar eintlik kan ons dit meer as 'n boek noem. Hebreërs is in geheel gesien niks anders as 'n preek nie. Al 13 hoofstukke kom as een preek bymekaar.

Vir wie word daar in die eerste plek geskrywe. Dit is mense op heeltemal gelyke voet met ons wat wil regmaak vir Nagmaal. Hulle is mense wat nou reeds die tweede geslag Christene uitmaak. Jesus het klaar opgevaar. Met die gewone oog kan hulle geen fisiese Jesus sien nie. Hulle kyk na Jesus, hulle oog gevestig op die Leidsman en die Voleinder van die geloof, kan

alleen gebeur om die onsienlike te sien. Om met die geloof te kyk. Geloof wat ware vertroue insluit. 'n Kyk na die onsienlike maar 'n kyk in vertroue wat dan meebring dat daar 'n vertroue op die onsienlike mag kom.

Eenkant die oog gevestig op Jesus, terwyl ons dadelik moet erken hierdie kyk na Jesus moet iets anders wees as om in die wildtuin na diere te kyk. Ja, ten diepste is die oog gevestig op Jesus iets van om die *onsienlike te sien...* Daarmee het die Hebreër skrywer baie moeite gemaak om ons te laat verstaan dat wanneer jy die onsienlike wil sien daar 'n besondere benadering gevolg sal moet word. 'n Benadering wat alleen deur die ware geloof gevolg sal kan word. Kom ons deel met mekaar hoe die Hebreër-skrywer dit vir ons na vore bring.

***

Hebreërs is eiesoortig en uniek in God se Woord. Een van die grootste temas in Hebreërs is praat en hoor. God praat en ek as mens moet my ore kan gebruik. 'n Belangrike tema vanuit Hebreërs is God wat praat. Dalk die belangrikste tema is hoe God met ons praat. In die dertien hoofstukke van Hebreërs word die woord praat 63kere gebruik. Dan is dit 'n werkwoord- PRAAT- God praat. Om te praat is om woorde te sê. In die hele Hebreërs kom die gedagte van stem en van hoor en van woorde wat gepraat word deurlopend voor. Daar is 17 sinonieme vir wat as **woorde** gesien word. God praat woorde... 5X kom die gedagte van 'n **stem** na vore, 8x word in Hebreërs van **hoor** gepraat. In al hierdie voorbeelde het 'n onlangse studie gewys dat God in sy Drie-eenheid die Een is wat die spraak voer. Dit is nie mense wat praat nie, dit is God wat praat.

***

Die **praat** van God bepaal eintlik alles in hierdie hele boek. Ons sal Jesus nie kan sien soos wat ons teks vanoggend van ons eis as daar nie eers baie gepraat was nie. As God nie praat nie sal ons Jesus nie kan sien nie. Dan sal daar geen oog op Jesus gevestig kan wees nie. Dan kom die volgende unieke eienskappe van Hebreërs na vore. Omdat die preek hoofsaaklik gerig was aan mense wat swaarkry, hulle is hewig vervolg, mense wat gevoel het wat help dit ek dien die Here, nou kry ek nog swaarder. Ek word vervolg oor my geloof. Die skrywer van Hebreërs stel dit duidelik julle as christene is besig om te verslap. Daar kom 'n geneigdheid na afvalligheid. Slap, hande, lam knieë wat weer sterk en reguit gemaak moet word (Heb. 12:12). Dan besef die skrywer van Hebreërs die groot probleem ontstaan omdat Jesus nie meer die middelpunt van ons oë, ons denke, ons prate is nie.

Hy sien sy lesers as mense wat nie meer eerbiedig na God se Woord in Jesus Christus luister nie. Daarom die ernstige oproepe en waarskuwings dwarsdeur hierdie preek, dat as God praat moet jy luister. As jy nie luister nie dan gaan jy God mis. Jy gaan God se finale openbaring in Jesus Christus by jou laat verbygaan. Moet nie jou hoop, jou geloof, jou oë op ander dinge wil rig nie, as net op Jesus Christus nie!

So staan elke gedeelte in Hebreërs in diens van Christus. Daarmee maak die skrywer baie moeite. Hy begin deur op Jesus se verhewendheid te wys. Ons dink engele is belangrik (hfst. 1), maar Jesus is meer verhewe as die engele. Mense mag dink Moses is belangrik, maar Jesus is groter as Moses. Jesus se getrouheid styg bó Moses uit (vgl. hfst. 3).. Vanaf hfst. 1 tot hfst. 4:13 is die groot tema luister hoe belangrik God se Seun is. Luister na die voortreflike spraak deur die Seun van God. Hy wat so getrou was, getrou ook aan wat God sê. Daarom eis Hy getrouheid aan die stem van God.

As ons Hebreërs 1:1 lees dat God op baie maniere in die ou tyd gepraat gepraat het, maar in hierdie laaste dae het Hy tot ons gespreek deur sy Seun, dan is dit nie maar net ’n gevolgtrekking nie, daar sit iets in van ’n finaliteit. As jy na die Seun nie luister nie, dan sal jy nooit luister nie! Hiermee saam die eerste hoofdeel van die preek eindig in hfst. 4 waar daar iets pragtig na vore kom. God wat praat kan jou rus gee. Wees getrou aan God se stem, luister na die sprake van God om die beloofde rus in te gaan. Om te rus van jou sonde, om werklik in God rustig te wees, om God se rus in te gaan is iets wat woorde moeilik kan beskryf.

***

Dan kom die tweede hoofdeel van die preek en dit is dat ons moet ophou om soos kleintjies in die geloof te wees, of mag ek dit anders stel, ons moet ophou om kinderagtig met ons geloof om te gaan. Word groot! Positief gestel, die tweede deel van Hebreërs- vanaf hfst. 4:14 – tot hfst. 10:18, praat oor volkome geloofsvolwassenheid. Ja, in hierdie grootword in jou geloof moet die Nagmaalganger vanoggend in ekstase verkeer oor die feit dat Jesus ons Hoëpriester is. ’n Hoëpriester deur God aangestel. Hy is uniek want Hy alleen kon Hoëpriester wees volgens die orde van Melgisedek. Dit maak dat Hy ’n beter offer gebring het as wat daar ooit kon wees. Hy is die Hoëpriester wat offer, maar die offer is dan ook Hyself. Hy word geoffer. Hy bring die eenmalige, finale volmaakte offer. Sy enige offer is beter as al die offers van die Ou Testament tesame. Daarmee saam maak dit Jesus Middelaar

van ’n beter verbond. Hy het nou klaar eenmaal vir ons in die hemel ingegaan waar Hy die anker vir ons siele is wat veilig en vas is. Dit is in hoofsaak die tweede deel van Hebreërs.

***

Dan kom die finale waar ons vanoggend by gaan Nagmaal vier. In my eie woorde wil dit lyk die skrywer wil ons wys kyk na wat álles al gebeur het. Kyk met die geloof. Die geloof is nie iets vaag, onseker, daar vêr, iets geheimsinnig nie. Die geloof het baie voorbeelde, die geloof het duidelike werkinge, die geloof wil vir jou duidelikheid en sekerheid waarborg. Daarom dat die skrywer in Hebreërs vanaf hfst10:19 tot aan die einde van die preek wil hê dat ons, ons oë op Jesus gevestig sal hou. Jy kan dwarsdeur jou lewe volhard maar dan moet jy getrou wees aan God wat praat. Getrouheid aan die sprake van God. Die groot tema van Hebreërs- God praat- elke keer kom dit maar weer na vore!

Omdat ons God nie kan sien nie, beteken dit nie, ons ore kan nie werk nie. Juis moet ons ore werk. Mense sê graag- sien is glo, maar in Hebreërs werk dit mooi andersom. Ja, dit werk inderdaad andersom- GLO IS SIEN! Die geloof staan eerste. Hebreërs 11 is name en name van mense maar wat hierdie mense gedoen het, is- HULLE HET GEGLO! Dit is waaroor dit gaan. Ons sien elkeen van hulle enkel en alleen op grond van hulle geloof wat ook nou ons geloof moet wees. Hulle geloof praat met ons geloof! Hulle geloof en ons geloof moet bymekaarkom, maar die kruispunt van ons almal se geloof kan net Jesus Christus wees.

***

Die Hebreër-prediker kan as’t ware ’n uitdaging aan ons elkeen rig. Kyk maar na elkeen van daardie name in Hebreërs 11 en wat sal jy agterkom. Dit was gewone mense soos ons, maar hulle was seker van hulle geloof. Hulle was oortuig van die dinge waarop hulle gehoop het. Hebreërs 11 se klomp geloofsvoorbeelde, Abel, Henog, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, die ouers van Moses, Moses self, Ragab, Daniel, ag, so kan ons aangaan... Hy noem dan kollektiewe groepe, vroue, mans staan op gelyke voet, vroue wat hulle dode deur die opstanding teruggekry het, mense wat gestenig was, in stukke gesaag was, deur die swaard vermoor was, mense gegesel, verdruk, mishandel, gebrek gely, rondgeloop in skaapvelle, bokvelle, in die woestyne was dit hulle enigste klere, hulle moes op berge, in spelonke en deur skeure in die grond bly, dit alles, net omdat HULLE GEGLO HET!

Omdat hulle geglo het daarom kon hulle volhard. Al hierdie mense van Hebreërs 11 het in hulleself die vertroue kon hê waarop ’n mens moet hoop, dit het gemaak dat hulle aan die dinge kon vashou. Ja om in die geloof vas te hou, soos ook by vanoggend se Nagmaal is om

vas te hou aan dinge wat 'n mens nie kan sien nie, maar jy moet nie oor die onsienlike twyfel nie. Die onsienlike word die bewys van nog groter dinge. Die bewys dat God bly met ons besig, God praat nog altyd met ons, finaal is sy stem die stem van Jesus Christus. Die Woord in Jesus Christus is die finale Woord van God. In Christus word daar ook vanoggend met ons gepraat.

Al het ons duisende en duisende gelowiges wat voor ons gelewe het, 'n skare van geloofsgetuies rondom ons. Die kerkgeskiedenis sal rye en rye name kan opstapel, van swakke mense maar wat gedoen het wat in Hebreërs 11:33 staan. Hulle het koninkryke verower, hulle het die reg van God gehandhaaf, hulle het verkry wat God beloof het.

Ja, broeder en suster, hierdie baie mense se voorbeeld van geloof het eintlik net een doel. Dit is dat ons ook in ons geloof moet volhard en sterk moet wees. Dieselfde as wat die Here vir Josua met sy roeping so herhaal en herhaal. Wees net sterk en vol moed! Hoe maklik tree vervlakking in ons geloof in. Hoe maklik kom daar allerlei sondes ons lewe in. Hoe maklik begin ons te dink dit help my niks om die Here te dien nie. Dit gaan met die ongelowiges beter as met my! 'n Mens voel hou jou geloof lam en lou raak, veral as swaarkry aanhou en aanhou. Ja, ook wanneer mens ly dan ly jou geloof ook baie keer.

En wanneer ons nou na die tafel kom dan wil die Here ons weer in ons geloof versterk. Ja, ons word nie versterk net op grond van ander mense se geloof nie. Daar is die volmaakte voorbeeld, die Een wat in Hebreërs 11 nie genoem word nie, maar juis in Hebreërs 12 op grond van al Hebreërs 11 se mense, kom dan Jesus Christus wat self 'n voorbeeld van geloof is. Hy Self is 'n voorbeeld van geloof, maar voor sy eie voorbeeld is Hy ten volle God. Hy is die Begin en die Voleinder van die geloof. Hy wys dat geloof nie sommer by mense 'n uitgedinkte idee is nie, iets wat mense hulle maar net verbeel nie.

Nee, Hy is die Begin van die geloof, Hy skenk die gawe van geloof, Hy sal ons nooit op ons pad van geloof verlaat nie, Hy is ook die Voleinder van geloof. Dit alles doen Hy voor en agter die geloof, maar dan is Hy ook die volmaak "Gelowige" in en vir die geloof. Met sy geloof het Hy volmaak geseëvier. Hy het die kruis verduur, aan die regterhand van God het Hy op die troon gaan sit. Hy regeer vandag oor ons!

***

Geliefdes, dit is om Hom wat ons Nagmaal vier. Ons oë moet op Hom vasgenael wees, sien die Onsienlike, juis deur die sienlike brood en wyn. Die beker met die Here se verbond daarrondom verseël, daardie beker word in ons hande gegee. Watter voorreg. Neem die brood, die beker, met die oë vasgenael op Hom. Wie so na Hom kom, sal krag kry, sal in ons geestelike moegheid weer versterk word en sal nie uitsak nie.

Om uit Hebreërs Nagmaal te vier, ons nabetragting sal weer na die Hebreërs terugkom, is om nou te mag weet dat ons, ons geloof kan behou. Daar was baie mense, duisende en duisende voor ons, wat soos ons die Nagmaal nodig gehad het. Ons oë is op die geloofsgenote van die verlede maar ook op ons wat nou hier is, op hierdie oomblikke. Ons doen dit soos hulle, maar op die einde gaan dit nie oor hulle nie, hulle is maar die voorbeelde, maar dit gaan om Jesus Christus, die oog gevestig *op die Leidsman en die Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat vir Hom v voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.*

AMEN